# *Die Genootskap Oud-Pretoria*

*se standpunt i.v.m. die*

# *Kruger-Standbeeld*

*en die toekoms van Kerkplein*

Na meer as 'n halwe eeu se vertraging sal die standbeeld van President Kruger waarskynlik oor 'n paar jaar op sy regmatige plek op die Kerkplein te staan kom.

Ou Pretoriane verwelkom die Stadsraad se besluit om die verskuiwing van die standbeeld toe te laat. Deurdat die Genootskap die Holfordplan vir die Kerkplein in 'n onderhoud met die Stadsraad afgekeur het, het Oud-Pretoria 'n daadwerklike aandeel in die verskuiwing gehad[2]). Deur hierdie vertoë is die toestemming tot die verskuiwing van die beeld van die Stasieplein na Kerkplein bespoedig.

Die Stadsraad van Pretoria het onlangs 'n model van die Kerkplein met 'n verplaasbare model van die Krugerstandbeeld laat vervaardig. Die publiek is daarna uitgenooi om met behulp van die model na te gaan waar op die Kerkplein die standbeeld die meeste tot sy reg kom.

Bestuurslede van die Genootskap het die model inspekteer en die beste plekke waar die beeld geplaas kan word, oorweeg.

Na ons mening kom die volgende vier plekke op Kerkplein vir die heroprigting van die standbeeld in aanmerking:

1. Midde op die plein waar nou die vyver is.
2. Op die trappe aan die suidekant van die plein.
3. Reg voor die Goewermentsgebou.
4. Tussen die Goewermentsgebou en die Paleis van Justisie waar die voetstuk oorspronklik opgerig was en tot 1905 gestaan het.

Alleen die laasgenoemde plek het enige werklike geskiedkundige aansprake, want dit is waar mnr. Sammy Marks, die skenker van die standbeeld, dit wou sien staan en waar die voetstuk in Republikeinse dae opgerig is[2]). Was dit nie vir die Anglo-Boere-oorlog nie, dan het President Kruger se standbeeld tans hier gestaan. Tog is dit nie wenslik om die beeld weer hier te plaas nie, want die voorkoms van die plein het na 1905 veel veranderinge ondergaan.

**Na ons mening moet die standbeeld terwille van die eenheid van die plein midde op die Kerkplein geplaas word, al sou die groot moderne geboue om die plein die beeld moontlik oorskadu. Die middelpunt van die plein het ook die voordeel dat die beeld hier of Oos of Noord kan kyk, sonder om daardeur aan die estetiese waarde van die beeldegroep afbreuk te doen.**

Die voorstel om die beeld op die suidelike trappe te plaas, vind hoegenaamd **geen** byval nie. Dit sal die eenheid van die groep beelde waarvan President Kruger die middepunt vorm, verbreek. Dit is en bly 'n vereiste dat President Kruger se standbeeld midde en tussen die beelde van vier van sy burgers sal staan.

Die gedagte om die beeld reg voor die Goewermentsgebou op te rig, vind ondersteuning. Op hierdie plek sal die standbeeld voor 'n gebou staan wat argitektonies by die beeld pas en wat in die loop van eeue geen verdieping by sal kry nie. Met die Goewermentsgebou tot agtergrond, sal die standbeeld groter lyk en nie deur die gebou oorskadu word nie. **Die standbeeld sal hier egter in 'n hoek van die plein staan en tot 'n mate 'n hindernis vir die verkeer wees solank busvervoer oor die plein toegelaat word.**

Voordat die beeld egter verskuif word, kan die Stadsraad van Pretoria die voorkoms van die plein begin te verbeter. Die verskuiwing mag nog twee jaar duur wat die Stadsraad dus voldoende tyd gee om die Kerkplein te verfraai. Ten eerste deur die kwynende onnatuurlik gesnoeide privets te verwyder en instede daarvan Afrikaanse boomsoorte op die plein aan te plant. Ons pragtige witstinkhout-, Van Wykshout-, akasias-, geelhout- en kafferbome sal die vereiste Afrikaanse atmosfeer vir die Krugerstandbeeld skep[3]).

Tweedens behoort die waghuisie en publisiteitsgebou gesloop te word, want hulle belemmer die uitsig oor die plein.

Ten slotte word dit 'n dringende vereiste dat die busvervoer van die plein verwyder word, sodat 'n rustige en skaduryke Kerkplein die Krugerstandbeeld en plein tot hul reg sal laat kom.

Die Genootskap Oud-Pretoria dring daarop aan dat die Stadsraad ons Kerkplein voor die Eeufees in 1955 so sal verfraai het dat Pretoriane met trots na die Kerkplein as 'n voorbeeld van 'n werklike Afrikaanse plein sal kan verwys.

Dr. W. Punt.

---

[1]) Sien „Pretoriana," Vol. I, No. 2.

[2]) R.17110/98 T.A. Sien ook Historiese Studies, Oktober 1939, bls. 48.

[2]) Sien „Pretoriana", Vol. I, No. 2.